Klousule 11.1.1, saamgelees met klousule 4.1, voorsien dat Basson in 'n bestuurshoedanigheid deur Coach-Tech in diens geneem sou word. Teenoor Coach-Tech was Basson dus 'n werknemer en teenoor die Chilwans 'n vennoot.

Klousule 11.1.4 vervolg:

"he shall not directly or indirectly for a period of 5 years after the Termination Date either solely or jointly:

11.1.4.1 be employed by; or

11.1.4.2 carry on or assist financially or otherwise be engaged or concerned or interested in; or

11.1.4.3 act as consultant or adviser to; or

11.1.4.4 act as agent or representative for;

any person or firm or body corporate or incorporate which within the Territory carries on:

11.1.4.5 the business of manufacturing and/or refurbishing and/or distribution of buses albeit light, medium or heavy duty buses and/or coaches of whatever nature.

11.1.4.6 any business which is similar to or in competition with such business as the Corporation may be carrying on at the Termination Date."

Klousule 11.2 bepaal:

" For the purposes of this clause 11:

11.2.1 "the Termination Date" means the date upon which Willem ceases to be an employee of the Corporation for whatsoever reason;

11.2.2 "the Territory" means the following areas as presently constituted, namely the Republic of South Africa, South West Africa/Namibia, Ciskei, Venda, Transkei, Lesotho, Swaziland and Zimbabwe."

In sy geheel gesien is die strekking van die klousule om Basson vir 'n periode van vyf jaar na beëindiging van sy diensverhouding met Coach-Tech ("for

whatsoever reason") in suidelike Afrika as 'n moontlike mededinger van Coach-Tech uit te skakel.

Coach-Tech is opgerig. So ook 'n fabriek met kapitaal wat deur die Chilwans voorgeskiet is. Die vierde respondent was verantwoordelik vir die administrasie. Basson was in beheer van produksie. Daarvoor het hy 'n salaris en die gebruik van 'n motor ontvang. Volgens Basson was hy nie gemoeid met die finansiële sy van sake nie en was hy ook nie betrokke of geken by besigheidsbesluite wat geneem is nie. Twaalf nuwe busse is mettertyd vervaardig, ander is herstel en opgeknap en nog ' n paar was in aanbou. Algaande het die verhouding tussen die partye egter versleg. Beskuldigings is wedersyds gemaak. Alle pogings om op die grondslag van 'n nuwe indiensnemingsooreenkoms tot 'n vergelyk te kom, het oplaas misluk en Basson is na ongeveer twee jaar daar weg sonder om drie maande kennis te gee. Hy het onmiddellik diens aanvaar by 'n ander

firma, Engineering Agencies, 'n verskaffer van staal. Engineering Agencies was op daardie stadium nie 'n mededinger van Coach-Tech nie, maar clit het later geblyk dat Basson juis in diens geneem is om 'n luukse bus te bou. Volgens Basson is sy werkgewer 'n maatskappy, Neulux Coaches (Pty) Limited ("Neulux"), wat skynbaar deur Engineering Agencies opgerig is om luukse busse te vervaardig. Die hof a quo bevind dat Basson se ontkenning dat Neulux met Coach-Tech sou meeding, nie 'n egte geskil geskep het nie - 'n bevinding wat nie werklik in betoog voor hierdie hof aangeveg is nie, en wat vir doeleindes van die beoordeling van die vraagstukke in hierdie saak geredelik aanvaar kan word.

Die vraagstuk of 'n beperkende bepaling van hierdie aard afdwingbaar is, het, soos bekend, 'n lang aanloop, meestendeels in die Engelse reg. Magna Alloys and Research (SA) Pty Ltd v Ellis 1984 (4) SA 874 (A) het 'n nuwe wending aan die verloop van sake gegee: 'n ander

uitgangspunt (dat die bepaling, ondanks sy inperkende werking, geag word afdwingbaar te wees), en dus 'n ander benadering (dat die bewyslas op die party rus wat die bepaling in sy geheel of ten dele probeer aanveg). Maar die oorweginge wat by die beoordeling van die afdwingbaarheid van die bepaling in ag geneem word, bly wesenlik dieselfde.

Dit gaan hier, soos in die Magna Alloys-saak, passim, herhaaldelik beklemtoon word, om die afdwingbaarheid van 'n bepaling in 'n ooreenkoms wat andersins geldig is. 'n Ooreenkoms is in sy geheel of . ten dele aanvegbaar as dit die openbare belang skaad en aldus teen die openbare beleid indruis. 'n Bepaling van hierdie aard wat 'n werknemer of vennoot na beëindiging van die kontrak aan bande probeer lê - en dis al geval wat hier in oënskou geneem moet word - druis teen die openbare beleid in as die uitwerking van die belemmering onredelik sou wees. Die redelikheid al dan nie van die

belemmering word beoordeel aan die hand van die breëre belange van die gemeenskap, enersyds, en van die kontrakterende partye self, andersyds. Wat die breëre gemeenskap betref is daar twee botsende oorwegings: ooreenkomste moet gehandhaaf word (al bevorder dit ook onproduktiwiteit); onproduktiwiteit moet ontmoedig word (al verongeluk dit ook 'n ooreenkoms) (vgl. Sunshine Records (Pty) Ltd v Frohling and others 1990 (4) SA 782 (A) te 794D-E). Wat die partye self betref, is 'n verbod onredelik as dit die een party verhinder om hom, na beëindiging van hul kontraktuele verhouding, vryelik in die handels- en beroepswêreld te laat geld, sonder dat 'n beskermingswaardige belang van die ander party na behore daardeur gedien word. so iets is op sigself strydig met die openbare beleid. Origens mag 'n beperking wat inter partes redelik is nietemin, vir 'n rede wat nie aan die partye eie is nie, die openbare skaad. En besmoontlik ook omgekeerd.

Vier vrae moet in dié verband gestel word:

(a) Is daar 'n belang van die een party wat na afloop van die ooreenkoms beskerming verdien?

(b) Word so 'n belang deur die ander party in gedrang gebring?

(c) Indien wel, weeg sodanige belang kwalitatief en kwantitatief op teen die belang van die ander party dat hy ekonomies nie onaktief en onproduktief moet wees nie?

(d) Is daar 'n ander faset van openbare belang wat met die verhouding tussen die partye niks te make het nie maar wat verg dat die beperking gehandhaaf moet word,

. al dan nie? (Laasgenoemde vraag kom nie hier ter sprake nie.)

Vir sover die belang in (c) die belang in (a) oortref, is die beperking in die reël onredelik en gevolglik onafdwingbaar. Dit is 'n kwessie van beoordeling wat van geval tot geval kan wissel (Sibex Engineering Services (Pty) Ltd v Van Wyk and another 1991

(2) SA 1991 (2) SA 482 (T) te 486H).

Die partye se eie beskouing, soos in die ooreenkoms verwoord, oor wat redelik is, kan nooit deurslaggewend wees nie. (Die Magna-saak supra te 488E-F). Ten eerste word die redelikheid van die verbod eers by nabetragting deur 'n hof beoordeel aan die hand van faktore en maatstawwe wat nie noodwendig deur die partye in oënskou geneem was nie. Ten tweede kan die inhoud van die ooreenkoms nie self die uitsluitlike maatstaf wees van wat redelik is nie want dan word die behoorlikheid van die ooreenkoms aan homself getoets. Dat dit die . partye by die aangaan van die ooreenkoms erns was dat so 'n beperking nodig is, dat hulle die omstrede belange geïdentifiseer en na waarde geskat en die beperking self as hoogs redelik beskryf het, kan dus nie beslissend wees nie (vgl. David Wuhl (Pty) Ltd and others v Badler and another 1984 (3) SA 427 (T) te 434H-I). Hoogstens kan gesê word dat dit 'n faktor kan wees by oorweging van wat

beskermingswaardig en van wat redelik is. Dieselfde geld vir die oorweging dat die partye ten tyde van kontraksluiting nie op gelyke voet verkeer het nie - dit is 'n faktor, een van vele, wat by die bepaling van die redelikheid van die beperking 'n rol kan speel. Maar daar eindig dit. As die verbodsbepaling ten tyde van die beoordeling daarvan deur die hof onredelik geag word, is dit onafdwingbaar, hoe die partye ook al teenoor mekaar gesitueer was en hoe hulle die bepaling ten tyde van kontraksluiting ook al mag beskou en beskryf het. Geen ooreenkoms, hoe noukeurig bewoord, kan 'n andersins onredelike bepaling verskans nie. Kortom, vir die partye is dit regtens net nie moontlik om 'n ooreenkoms te sluit waardeur die handelsverkeer op 'n onredelike wyse gekniehalter word nie.

In sy uitspraak word hierdie twee faktore, outonomie en pariteit, deur Eksteen AR, met agting gesê, oorbeklemtoon. Die eintlike ondersoek wentel om iets

anders: die kompeterende belange van Coach-Tech en/of die Chilwans en van Basson wat deur klousule 11 onderskeidelik bevorder en lamgelê word.

Dit bring my by die eerste van die norme vir redelikheid inter se wat hierbo genoem is: die belange, indien enige, wat deur klousule 11 gedien word en die beskermingswaardigheid daarvan.

Wie se belange? Volgens sy bewoording, is klousule 11, soos reeds opgemerk, slegs ten gunste van Coach-Tech beding, en nie ten gunste van die Chilwans nie. So is die saak in die stukke ook aangevoer. In paragraaf 5 van . die repliserende verklaring verklaar die vierde respondent:

> "This application is being brought in order to protect the proprietary interests of the Fifth Applicant and it is only in respect of the construction of buses and coaches that it is sought to prevent the Respondent from using his general knowledge, skill and experience."

So ook in paragraaf 34:

> "Having now invested a great deal of money to establish Fifth Applicant, this application has been

> launched to protect Fifth Applicant's goodwill."

En ten slotte, in paragraaf 36.8:

> The trade secrets referred to are Fifth Applicant's clientele, pricing structure and marketing techniques and the techniques and methods employed in designing, building and refurbishing buses."

Op die stukke is die saak dus op die belange van Coach-Tech toegespits en nie op die belange van die Chilwans nie. Desondanks is ek bereid om, soos Eksteen AR, maar, anders as hy, sonder verwysing na artikel 44(4) van die Wet op Beslote Koporasies, 69 van 1984, ten gunste van die Chilwans te aanvaar dat klousule 11 bedoel was om verder te strek as wat sy presiese bewoording aandui en dat ook die Chilwans hul teenoor Basson daarop kan beroep, in weerwil van die wyse waarop die saak aangebied is. (In die verbygaan mag ek meld dat die gemelde Wet, artikel 44(4) in die besonder, op geen stadium in die stukke, in die uitspraak van die hof a quo, of in betoog in hierdie hof, aangeroer is nie; en ek vind dit onnodig ommy daaroor uit te spreek of artikel

44(4) van toepassing is selfs nadat die samewerkingsooreenkoms tot 'n einde gekom het.)

Watter belange? Klousule 11 omskryf self, soos reeds gesê, die belange wat volgens die ooreenkoms as beskermingswaardig geag word nl. "the Corporation's trade secrets" soos in klousule 11.1 gedefinieer word. Die belange wat aldus vermeld word, veral waar dit daarop gemik is om die vertroulikheid van sekere gegewens te bewaar, is almal belange wat in beginsel by wyse van 'n beperkende bepaling beskermingswaardig sou wees. Desondanks is daar vir die respondente probleme in dié verband. Eerstens was daar in Coach-Tech se bedrywighede eintlik niks wat werklik vertroulik was nie en tweedens het Basson, selfs op die aanvaarding dat dit wel die geval was, op die stukke aangetoon het dat hy geen aspek van vertroulikheid geskend het nie. "Trade secrets", so is geredelik in die betoog voor hierdie hof toegegee, kan nie as grondslag dien vir die aangevraagde regshulp nie.

So is dit ook deur die hof a _quo_ ingesien. In die uitspraak word verklaar:

> "Applicants, in turn, even if they appeared to do so in their affidavits, do not, as the case was argued on their behalf, seek to rely on the protection of any trade secrets in the strict sense of that term. They look to protect a proprietary interest."

En weer:

> "Although no trade secrets in the strict meaning of that term may be involved, it is in my view clear that what may be described as Coach-Tech' s intellectual property is involved and it is that and their investment in respondent's participation which the Chilwans wished to protect by restraining respondent from, for 5 years, competing alone or in another firm with them in the bus-building industry."

. Wat die "proprietary interest" en die "intellectual property" is, is nie duidelik nie. Blykens paragraaf 36.8 hierbo aangehaal bly net "clientele" oor as mens "trade secrets" weglaat. "Trade connections", naas "trade secrets", is meermale in die regspraak as sogenaamde "proprietary interests" vermeld wat as sodanig beskermingswaardig is (vgl. _Recycling Industries (Pty) Ltd_

v Mohammed and Another 1981 (3) SA 250(SEC) te 258G-H; Rawlins and Another v Caravantruck (Pty) Ltd 1993(1) SA 537(A) te 541B-544C).

Die vraag is dus of die beskerming van klandisie die belang is wat hier ter sake is. Dat so 'n belang beskermingswaardig is en in 'n bepaalde geval swaarder kan weeg as die teenparty se gedwonge onproduktiwiteit, is in beginsel onteenseglik so. Maar weereens is die vraag of Basson in stryd met enige sodanige belang opgetree het.

Op die feite was daar geen sprake daarvan dat Basson bestaande klante van die Coach-Tech (of van die Chilwans) weggelok of probeer afrokkel het nie. Geen gevalle van daadwerklike afrokkeling deur Basson word deur die respondent vermeld nie en op die materiaal wat die hof a quo geregtig was om in ag te neem, was daar ook geen gegronde vrese dat so iets na alle waarskynlikheid in die toekoms sou gebeur nie. Basson was nie 'n

verkoopsman wie se taak dit was om klante vir Coach-Tech te werf nie. Hy was gemoeid met produksie, nie met bemarking nie. Op die gegewens voor die hof a cruo het Basson na my mening wel daarin geslaag om aan te toon dat hy dus nie op enige van die beskermingswaardige belange wat in klousule 11.1 deur die kontrakspartye self omskryf is, inbreuk gemaak het nie. Wat klousule 11.1 betref is die antwoord op die eerste vraag wat hierbo gestel is dus: ja; op die tweede: nee; gevolglik verval die derde vraag.

Nóg "trade secrets" nóg "trade connections" was dus hier in gedrang. Tradisioneel word dit beskou as die twee tipes belang wat by uitstek in 'n geval soos die huidige beskermingswaardig is (vgl. die Rawlins-saak supra op 541B-C). Trouens, daar is al beweer, na aanleiding van Engelse gesag, dat dit die enigste werklike gevalle is waar 'n belang beskermingswaardig is (vgl. die Recycling Industries-saak supra te 258G-H; die

Sibex Engineering-saak 502C-F; 505F-I; 507D-508A). As dit so is, is dit natuurlik die einde van die debat aangesien Basson, soos reeds gesê, daarin geslaag het om aan te toon dat sy geval nie onder enige van dié twee erkende kategorieë tuis hoort nie.

Vir huidige doeleindes vind ek dit onnodig om my oor dié vraagstuk uit te laat. Weereens is ek bereid om, soos Eksteen AR, ten gunste van die Chilwans te aanvaar dat daar nie 'n numerus clausus van beskermingswaardige belange bestaan nie en dat die begrip "redelikheid" in ons reg soepel genoeg is om ook ander gevalle te behels waar 'n andersoortige belang van die een party swaarder mag weeg as die ooreenstemmende beletsel van die ander.

En om 'n stap verder te gaan: ek is ook bereid om in hul guns te aanvaar dat 'n party wat hom op 'n beletsel in die kontrak beroep nie beperk is tot die belange, indien enige, wat in die kontrak self omskryf word nie, mits dit origens uit die getuienis blyk wat sodanige

ander belange wel is.

Die vraag is dan of daar ander belange as vertroulikheid en klandisie-beskerming is wat op die getuienis ter sprake is, wat beskermingswaardig is, wat deur Basson in gedrang gebring is en wat meer tel as die oorweging dat Basson nie sy gekose beroep sal kan beoefen nie. Alleen dan sal die aangevraagde regshulp geregverdig wees. Om hierdie vrae te beantwoord, is dit nodig om stil te staan by die saak wat die respondente op die stukke probeer uitmaak het.

In die funderende verklaring het die klem op "trade secrets" geval. Dit is laat vaar. Wat die repliserende verklaring betref, het ek vroeër verwys na sekere uittreksels waar die belange van Coach-Tech beklemtoon word. Elders in die repliserende verklaring word die hele kwessie weer oor 'n ander boeg gegooi, te wete, die belange van die Chilwans. Die betekenisvolste aanhaling is stellig in paragrawe 1.5 en 1.6 van die repliserende

verklaring te vind wat soos volg lui:

> "1.5 It was recognised by all concerned f rom the outset that the new business would be heavily dependent on Respondent's expertise and that, should he leave it, the whole venture would be in jeopardy. While there was no way of locking Respondent into the venture permanently, my brothers and I at least wanted the assurance that if he were to leave it, we would not be confronted with him as a competitor in building and marketing the very vehicles or services such as refurbishment and reconditioning which he had joined forces to provide.
>
> 1.6 It was against this background that the restraint clause was incorporated into the contract. My brothers and I were not willing to go into the venture without such protection. Respondent, who is not an unsophisticated man, understood our concern and the implications of the clause in question and was completely agreeable to the restraint which was imposed upon him."

Soos reeds vermeld het die Chilwans meer as ' n

miljoen rand in die onderneming belê. Coach-Tech self

het geen belegging gemaak nie. Dit gaan dus suiwer om

die

belegging van die Chilwans. In die gemelde paragrawe

word onomwonde erken dat dit die Chilwans se oogmerk was

om hul kapitale belegging in Coach-Tech te beskerm deur

Basson as 'n potensiële mededinger van Coach-Tech te elimineer - nie alleen vir die duur van die kontrak nie maar vir 5 jaar na beëindiging daarvan.

Van oudsher is aanvaar dat die blote uitskakeling van mededinging as sodanig nie die soort belang is wat, in ' n geval soos hierdie, deur ' n bekamping van handelsvryheid na afloop van die ooreenkoms beskerm kan word nie; oftewel, dat dit nie opweeg teen die nadeel wat die ander party ly as hy sy beroep nie vryelik kan beoefen nie (vgl. die Recycling-saak supra 256B-E, 258G, 259E-F; Magna Alloys-saak supra 904I).

Die situasie verander myns insiens nie omdat die beperking nie sommer na willekeur beding is nie maar om 'n belegging te beskerm - sy dit, soos hier, 'n belegging van kapitaal, sy dit 'n belegging in tyd en aandag wat aan die opleiding van 'n werknemer bestee is, soos in die Sibex Engineering-saak (vgl. ook Highlands Park Football Club Ltd v Viljoen and Another 1978 (3) SA 191 (W) te

200H-201B). Dit beteken nie dat 'n belegging van hierdie aard nie beskermingswaardig is nie; dit beteken alleen dat dit normaalweg nie by wyse van 'n beding wat handelsoutonomie ná beëindiging van die ooreenkoms probeer inkort, beskerm kan word nie; anders gestel, dat die belang wat die beperking op dié wyse trag te beskerm in die reël nie opweeg teen die belang van die ander party om nie in sy gekose veld werkloos te wees nie.

Die aangewese wyse waarop so 'n belang ten beste beskerm kan word, is stellig om die ander party kontraktueel vir 'n bepaalde termyn te bind - in welke . geval die werknemer sy ooreengekome vergoeding ontvang en nie onproduktief is nie, en die werkgewer die gebruiklike gemeenregtelike remedies tot sy beskikking het indien die werknemer voor verstryking van die ooreengekome termyn sou padgee en vir 'n konkurrent gaan werk. Volgens die chilwans sou 'n eis vir skadevergoeding in die huidige geval 'n nuttelose remedie wees aangesien hulle

van oordeel was dat Basson "was not a man of any financial means." Selfs al sou dit so wees, sou dit die Chilwans nie noodwendig sonder 'n remedie gelaat het indien hulle op 'n bepaalde termyn ooreengekom het en Basson kontrakbreuk gepleeg het nie. In beginsel sou hulle, afhangende van die bewoording van hul ooreenkoms, 'n interdik teen Basson kon aangevra het indien hy sy ooreenkoms in die loop daarvan verbreek het en by 'n mededinger in diens sou getree het. 'n Sprekende voorbeeld van 'n geval waar 'n werknemer belet is om vir 'n kompeterende instansie te werk, is Roberts . Construction Co Ltd v Verhoef 1952 (2) SA 300 (W). 'n Interdik is toegestaan teen 'n skrynwerker wat uit Holland ingevoer is en wat onderneem het om vir 'n jaar vir die applikant te werk maar wat na 'n maand of wat gedros het. In dié saak word te 304F op die onderskeid gewys tussen 'n bepaling wat die werknemer belet om by 'n mededinger van sy werkgewer in diens te tree (i) tydens

die duur van die kontrak en (ii) na beeindiging daarvan. In die eerste geval word die werknemer vir die termyn van die kontrak vergoed, in die ander geval nie; in die eerste geval is die werknemer produktief, in die ander geval denkbaar nie. Dit is belangrike oorweginge wanneer dit by die beoordeling van die redelikheid van die inperking kom (vgl. egter Tamarillo (Pty) Ltd v B.N. Aitken (Pty) Ltd 1982 (1) SA 398 (A) te 439B-440B). In die eerste geval geld die beletsel ná beëindiging van die kontrak ook net as die werknemer gedros het, waarvoor hy net homself te blameer het, terwyl dit in die ander geval onder alle omstandighede van kontrakbeëindiging geld, behalwe miskien waar dit die werkgewer self is wat daarvoor verantwoordelik was dat die kontrak tot 'n einde gekom het (vgl. Drewtons (Pty) Ltd v Carlie 1981 (4) SA 305 (C) te 308D-E; Capecan (Pty) Ltd v Van Nimwegen and Another 1988 (2) SA 454 (C) te 460B-C; Botha and Another v Carapax Shadeports (Pty) Ltd 1992 (1) SA 202 (A) te

215C-E). New United Yeast Distributors (Proprietarv) Ltd v Brooks and Another 1935 WLD 75 en Forman v Barnett 1941 WLD 54 ('n koop- en nie 'n dienskontrak nie) waarop Eksteen AR hom verlaat, is albei juis gevalle waar die beletsel gedurende die bestaan en nie na beëindiging van die kontrak van toepassing was nie. Op dieselfde wyse sou die Chilwans Basson se betrokkenheid by Coach-Tech - en sy onbetrokkenheid by enige mededinger - kon probeer bewerkstellig het "in building up a sound reputation for the fledgling firm in the early years of its existence", soos Eksteen AR dit stel. Of so 'n poging sou slaag, sou van die redelikheid van die beperking, alles in ag genome, afhang. Onteenseglik sou hulle dan op 'n vaster voetstuk gestaan het as nou.

Die kwessie van werfkrag ("goodwill") word glad nie deur die Chilwans in hul funderende eedsverklaring geopper nie en in die repliserende verklaring word dit net skrams genoem. Presies wat daaronder verstaan moet

word, is nie so duidelik nie. As dit op die Chilwans en/of Coach-Tech se potensiaal slaan om klante vanuit die staanspoor te werf, of van ander konkurrente weg te lok of om bestaande klante te behou, is dit nie die saak wat op die stukke uitgemaak is nie: op so 'n belang het Basson, soos reeds gesê, in elk geval ook nie inbreuk gemaak nie. Dit was nooit Basson se funksie om klante te werf of te paai nie. As hy 'n "goodwill" help vestig het, was dit nie soseer aan sy persoonlikheid te danke nie as aan die gehalte van die produk wat hy vervaardig het en wat Coach-Tech aan klante kon verkwansel. Dit is 'n werfkrag wat as 't ware aan die produk gekleef het (vgl. <u>Protea Holdings Ltd and Another v Herzberg and Another</u> 1982 (4) SA 773 (C) te 786G-787E; <u>Botha and Another v Carapax Shadeports (Pty) Ltd supra</u> te 211H-2121). Wat die Chilwans beoog het, was om Basson te verhinder om hom ten koste van hul kapitale belegging in Coach-Tech by 'n ander onderneming aan te sluit waar sy

insette 'n beter produk sou verseker as wat Coach-Tech sonder hom kon lewer. Op stuk van sake is dit niks anders as 'n poging om kompetisie ten opsigte van potensiële toekomstige klante te smoor nie. Klousule 11 van die ooreenkoms is 'n blatante poging om 'n monopolie oor Basson se bekwaamheid, vaardigheid en kundigheid as busbakbouer te verwerf deur Basson vir 5 jaar as busbakbouer buite aksie te stel. Daardie belang, met daardie oogmerk, kan na my mening nie opweeg teen die nadeel wat dit vir Basson inhou indien hy verhinder word om sy gekose beroep vir 'n periode van vyf jaar te beoefen nie.

Na my oordeel het Basson daarin geslaag om aan te toon dat die beperking onredelik en gevolglik onafdwingbaar is.

Daar was geen versoek aan die hof a quo, of aan hierdie hof, om die beperking na sy omvang of tydperk in te kort nie. Gevolglik is dit onnodig om verder aan

die hipotese aandag te skenk dat 'n mindere beperking dalk wel redelik sou wees (vgl. die <u>Sunshine Records-</u>saak <u>supra</u> te 795-6).

Die appellant het aansoek gedoen om kondonasie. Eksteen AR verwys in sy uitspraak daarna. Die enigste grond waarop die aansoek bestry is, was die vermeende gebrek aan meriete in die appèl. Blykens hierdie uitspraak moet die appèl daarenteen slaag. Kondonasie word gevolglik verleen. Die appellant is anspreeklik vir die koste wat deur die aansoek verkwis is.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die appèl slaag met koste.
2. Die bevel van die hof <u>a quo</u> word ter syde gestel en vervang deur 'n bevel dat die aansoek met koste van die hand gewys word.

P. M. NIENABER AR

MILNE AR stem saam.

VAN

HEERDEN AR:

Van oudsher word geleer dat beperkings wat op 'n kontraktant se bevoegdhede geplaas word - soos byvoorbeeld sy bevoegdheid om sy goed te vervreem - onafdwingbaar is indien die ander kontraktant nie 'n belang by die beperking het nie. Sien Trust Bank of Africa Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd 1968 (3) SA 167 (A) 189 en gesag daar aangehaal. Maar selfs indien die tweede kontraktant wel sodanige belang het, kan die beperking nogtans onafdwingbaar wees. Dit is by uitstek die geval indien 'n beperking op so 'n kontraktant se handelsvryheid onredelik is, en wel omdat 'n dusdanige beperking in die reël die openbare belang skaad en dus strydig met die openbare beleid is: Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis 1984 (4) SA 874 (A) 894, en Sunshine Records (Pty) Ltd v Frohling and Others 1990 (4) SA 782 (A) 794.

Soms word gesê dat 'n beperking wat op A se

handelsvryheid in 'n ooreenkoms tussen hom en B geplaas word, onredelik is indien dit slegs daarop gerig is om B teen mededinging deur A te beskerm. Dit is nie juis nie. Indien B bv sy onderneming aan A verkoop sou so 'n beperking - mits andersins redelik - onaanvegbaar wees selfs indien dit net ten doel het om mededinging deur A uit te skakel. Bogenoemde stelling sou egter in die reël van toepassing wees op 'n beperking wat 'n werkgewer plaas op sy werknemer se handelsvryheid na beëindiging van die diensverhouding. Dit is egter nie 'n onbuigsame reël of een sonder uitsonderings nie. Diensverhoudings kan immers vele gestaltes aanneem, vanaf een waarin die werknemer 'n volslae onderhorige is tot een waarin hy 'n aansienlike mate van seggenskap het oor sy werkgewer se onderneming.

Om te bepaal of 'n beperking op handelsvryheid al of nie onredelik is, moet vanselfsprekend-

nie net gelet word op die belange van die kontraktant op wie die beperking geplaas is nie, maar ook op dié van die ander kontraktant. By 'n opweging van die belange kan 'n groot aantal faktore oorweging ver-dien, soos byvoorbeeld die aard van die verhouding tussen die partye; die redes vir die oplegging van die beperking, en die strekking en omvang daarvan. In hierdie verband bestaan daar dan ook nie 'n beginselsverskil tussen my benadering en dié van my kollega, Nienaber, nie.

Die omstandighede wat tot die oplegging van die onderhawige beperking gelei het, en die tersaaklike inhoud van die skriftelike kontrak, word uiteengesit in die uitspraak van my kollega, Eksteen. Ek beklemtoon slegs die volgende:

1) Tydens die onderhandelinge tussen die Chilwans en Basson wat tot ondertekening van die kontrak gelei hety het Coach-Tech nog nie bestaan

nie. Hulle het egter klaarblyklik mondelings op die bepalings van die latere skriftelike kontrak ooreengekom juis met die oog op oprigting van Coach-Tech en 'n reëling van hul verhoudings onderling asook teenoor die beslote korporasie wat in die vooruitsig gestel is.

2) Dit is onbetwis dat die Chilwans nie die kontrak sou gesluit het indien dit nie die beperking op Basson se handelsvryheid vervat het nie. Trouens, dit is oorweldigend waarskynlik dat indien Basson kapsie daarteen gehad het die onderhandelings sou verval en Coach-Tech nie opgerig sou gewees het nie.

3) Selfs ten tye van die ondertekening van die kontrak was Coach-Tech as't ware nog 'n leë dop.

4) Die kontrak het bepaal dat die Chilwans en Basson elk 'n gelykwaardige belang in

Coach-Tech sou hê; elk 'n sogenaamde uitvoerende lid sou wees, en elk gelyke regte ten opsigte van die bestuur van Coach-Tech se sake sou geniet.

In die lig van bostaande is enkele opmerkings aangewese. Eerstens sou dit kortsigtig wees om Basson as 'n blote werknemer van Coach-Tech te bestempel. Hy was inderdaad veel meer as dit. Net soos elk van die Chilwans was hy 'n lid van die beslote korporasie wat as sulks deelname aan die bestuur daarvan gehad het en in die winste daarvan kon deel.

Tweedens het die Chilwans net so seer as Coach-Tech 'n belang by die beperking gehad. Enige handeling wat tot nadeel van Coach-Tech sou strek, sou onvermydelik nadelig op hul ledebelange inwerk. Bowendien was hulle partye tot die kontrak waarin die beperking op Basson gelê is, en hoewel dit na woord-lui slegs ten gunste van Coach-Tech beding is, was

die beperking klaarblyklik daarop gerig om direk vir Coach-Tech en indirek hul ledebelange daarin te beskerm, te meer omdat beoog is dat die fondse vir die opbou van Coach-Tech se onderneming deur hulle verskaf sou word.

Ek kom dan by 'n opweging van die belange van Coach-Tech en die Chilwans teenoor dié van Basson om na beëindiging van sy verhouding met Coach-Tech vry doende te wees. Ek stem saam met my kollegas dat die beperking nie kon dien om handelsgeheime of vertroulike klanteverhoudings te beskerm nie. Ek aanvaar ook dat die beperking, indien afdwingbaar, slegs sal dien om Coach-Tech teen direkte of indirekte mededinging deur Basson te beskerm. So gesien, dien die beperking ter beskerming van Coach-Tech se werfkrag oftewel die "goodwill" wat dit opgebou het. Dat die beperking o a met die oog hierop beding is, blyk duidelik uit para 11.1 van die

kontrak waarin om aan "trade secrets" 'n uitgebreide betekenis gegee is sodat dié ook "goodwill" ingesluit het. En dat Coach-Tech by Basson se uittrede reeds 'n aansienlike werfkrag opgebou het, ly geen twyfel nie. Op daardie stadium het Coach-Tech immers reeds 12 nuwe busse vervaardig, was ander in aanbou, en het die korporasie ook reeds 'n aantal busse herbou. Dit was hoofsaaklik aan twee faktore te wyte: Basson se kundigheid en die Chilwans se bydrae van meer as Rl miljoen aan Coach-Tech.

By 'n besinning oor die al of nie redelikheid van die beperking vervat in para 11.4 van die kontrak moet die klem na my mening op die volgende val:

1) Indien Basson nie tot die beperking toegestem het nie sou die kontrak nie aangegaan gewees het en sou Coach-Tech nie opgerig gewees het nie.

2) Basson was nie 'n blote werknemer van Coach-Tech nie, maar inderdaad 'n lid van die korporasie met dieselfde bestuursbevoegdhede as die Chilwans.

3) Hoewel Basson beweer dat, afgesien vir 'n tydperk van 'n jaar, hy vanaf 1961 konsekwent in die busboubedryf werksaam was, sê hy nie dat hy nie buite daardie bedryf werk sal kan vind indien die beperking afgedwing word nie, of dat 'n andersoortige pos vir hom aansienlike finansiële verlies sal meebring nie.

Basson se posisie verskil vir my nie noemenswaardig van dié van A in die volgende voorbeeld nie. Drie prokureurs, A, B en C, meen dat hulle 'n winsgewende praktyk in dorp Z kan opbou. Derhalwe spreek hulle af om 'n maatskappy te stig waarin elk 'n gelyke aandeelhouding sal hê; dat die maatskappy kantore vir 'n lang termyn sal huur en

deur middel van beskikbaarstelling van fondse van een of meer van die lede ameublement, 'n boekery ens sal aankoop, en om onder die vaandel van die maatskappy te praktiseer. Al drie is egter begaan oor die moontlikheid dat een van hulle later mag uittree en dan op Z in mededinging met die maatskappy mag praktiseer. Hulle kom dus ook ooreen dat indien 'n lid uittree hy vir 'n bepaalde tyd nie aldaar mag praktiseer nie. Uitvoering word aan die afspraak gegee en na twee jaar tree A uit, verkoop sy aandele aan 'n derde en begin ay eie praktyk op z. In so 'n geval sou die belang van die maatskappy (en vanselfsprekend die oorblywende lede) in die afdwing van die beperking na my mening sterker weeg as A se belang om vryelik as prokureur op z te praktiseer.

My kollega, Nienaber, betwis nie dat Coach-Tech - of meer spesifiek die Chilwans as lede van die korporasie - 'n "beskermingswaardige" belang in

die

afdwing van die onderhawige beperking gehad het nie. Hy meen egter dat dit op 'n ander wyse beskerm moes gewees het; nl deur Basson kontraktueel te verbind om vir 'n bepaalde tydperk lid en werknemer van Coach-Tech te bly. As dit gebeur het, redeneer hy, sou die Chilwans bes moontlik by wyse van die verkryging van 'n interdik vir Basson kon verhoed om voor verstryking van die periode in diens van 'n mededinger van Coach-Tech te tree. By wyse van voorbeeld beroep my kollega hom op die beslissing in Roberts Construction Co Ltd v Verhoef 1952 (2) SA 300 (W).

In daardie saak het 'n dienskontrak bepaal dat die werknemer nie gedurende sy dienstermyn in 'n onderneming anders as dié van die werkgewer werksaam sou wees nie. Dowling R het die beding onderskei van een wat na afloop van 'n diensverhouding 'n beperking op 'n werknemer se, handelsvryheid plaas. Wat die

2 kern van die onderskeid is, is nie vir my heeltemal duidelik nie. Ek sou meen dat in beide gevalle die afdwingbaarheid van die beding aan die hand van 'n afweging van die onderskeie belange beoordeel moet word, waarby die feit dat in die eerste geval die beperking slegs gedurende die dienstermyn van toe-passing is, maar een van die tersaaklike faktore is. Te veel klem kan ook nie geplaas word op die voort-bestaan van die diensverhouding nie, want die werk-gewer is vanselfsprekend nie verplig om die werknemer se salaris te betaal indien hy nie dienste lewer nie. Indien die werknemer in Roberts sou verkies het om nie na sy voormalige werk terug te keer nie, sou hy dus werkloos en onproduktief gewees het.

Die Roberts-meganisme sou ook nie in alle gevalle 'n oplossing bied nie. Gestel dat in bo-staande voorbeeld die drie partye die moontlikheid bespreek om te beding dat hulle vir 'n tydperk van 10

jaar as lede van die maatskappy in Z sal praktiseer, maar dat hulle daarteen besluit byvoorbeeld omdat hulle voor oë het dat een of meer van hulle mag verkies om vroeër op te hou praktiseer of om elders te gaan praktiseer. In gevalle waarin 'n party nie gewillig is om hom vir 'n bepaalde tydperk tot een of ander verhouding te verbind nie, is 'n beperking wat na beëindiging van die verhouding geld dus al uit- weg.

In die lig van al bostaande oorwegings is ek van oordeel dat die belange van Coach-Tech - waarvan dié van die Chilwans nie losgemaak kan word nie - swaarder as dié van Basson weeg of dat, ten beste vir Basson, die skaal balanseer. Die beperking is dus nie onredelik nie vir soverre dit 'n beletsel op Basson plaas om in diens van 'n mededinger van Coach-Tech te tree.

Soos my kollegas tereg daarop wys, is nie

aangevoer dat die beperking onafdwingbaar is vanweë sy omvang en tydsduur nie. Ek stem dus saam met die bevel vervat in die uitspraak van my kollega, Eksteen, en wys slegs daarop dat die wysiging van die bevele van die hof a quo nie substansiële sukses aan die kant van Basson daarstel nie.

H J O VAN HEERDEN AR

BOTHA

JA:-

I agree with NIENABER JA that the appeal should be allowed. I also agree entirely with the reasoning set forth in his judgment. In view of the differences of opinion between the members of the Court I wish merely to mention a few additional considerations which weigh with me in respectfully differing from my Colleagues VAN HEERDEN and EKSTEEN.

The incidence of the onus in a case concerning the enforceability of a contractual provision in restraint of trade does not appear to me in principle to entail any greater or more significant consequences than in any other civil case in general. The effect of it in practical terms is this: the covenantee seeking to enforce the restraint need do no more than to invoke the provisions of the contract and prove the breach; the covenantor seeking to avert' enforcement is required to prove on a pre-

ponderance of probability that in all the circumstances of the particular case it will be unreasonable to enforce the restraint; if the court is unable to make up its mind on the point the restraint will be enforced. The covenantor is burdened with the onus because public policy requires that people should be bound by their contractual undertakings. The covenantor is not so bound, however, if the restraint is unreasonable, because public policy discountenances unreasonable restrictions on people's freedom of trade. In regard to these two opposing considerations of public policy, it seems to me that the operation of the former is exhausted by the placing of the onus on the covenantor; it has no further role to play thereafter, when the reasonableness or otherwise of the restraint is being enquired into. "The paramount importance of upholding the sanctity of contracts", which is emphasized by

EKSTEEN JA, finds its complete expression in the rule of the law that the onus is on the covenantor; it has no bearing on the issue whether the particular restraint in question is unreasonable. Accordingly I cannot agree with the statement that where parties contract on a basis of equality of bargaining power the principle <u>pacta sunt servanda</u> "will find strong application". Equality of bargaining power cannot affect the nature of the onus; it is relevant only as one of the multitude of factors to be taken into account in the enquiry as to the reasonableness of the restraint. And in relation to this enquiry I venture to suggest that it serves no useful purpose to invoke the observation, made with reference to contracts contrary to public policy in general, that the court's power in this regard should be exercised "only in the clearest of cases". By a long process of judicial development it is clearly established-

that, in the particular case of a contract in restraint of trade, an unreasonable restraint is contrary to public policy, and that the covenantor can avoid contractual liability by discharging the onus of proving unreasonableness, according to the ordinary standard of proof required in a civil case.

The view that the restraint clause in the present case has not been shown to be unreasonable rests crucially upon the basis that the Chilwans and Coach-Tech were possessed of a legitimate interest to protect the corporation against competition by Basson, for the purpose of safeguarding the goodwill of Coach-Tech. In this regard VAN HEERDEN JA has referred to the example of the purchaser of a business restraining the seller from competing with it. The example given is, of course, a familiar one; in that kind of situation there is ordinarily no difficulty in enforcing the restraint against competition

if the area and the duration of its operation are found to be reasonable. In my opinion, however, that situation is fundamentally and vitally different from the situation with which we are dealing in the present case. In the case of a sale of a business, its goodwill is an existing asset which is part of the merx which passes from the seller to the buyer; the value of the goodwill is necessarily reflected in the price paid by the buyer and received by the seller. Competition by the seller will impinge upon that value, and the reasonableness of a restraint the object of which is to prevent that from happening is self-evident. In the present case there was no goodwill in existence when the restraint was imposed. Basson had no asset to sell, unless one regards his bus-body building skill and experience as an asset of which he could dispose by a binding contract, irrevocable for a period of at least five years.

That was no doubt the light in which the Chilwans regarded the situation, as appears from their affidavits and from EKSTEEN JA's comment that Basson's "wealth of experience and skill in the bus construction industry would be an important, if not indispensable asset in the venture". But the Chilwans could not appropriate Basson's expertise to themselves or to Coach-Tech, as if it were a freely disposable commodity, by investing their money in the business. If Basson had left Coach-Tech after the Chilwans had invested a million rand in putting up a factory and equipping it, but before the commencement of business, I cannot imagine that the court would have enforced the restraint. And I cannot see how the building up of goodwill during the time that the business was being carried on, as a result of the Chilwan's investment and Basson's skills, can make any difference. In essence, the Chilwans are seeking

to prevent Basson from using his skill and experience, and his innate or acquired abilities, to the potential detriment of their investment. In this respect the case bears no resemblance to the case of the seller and buyer of a business. On the contrary, it approximates closely to the case of an employer and employee relationship, in one respect. In relation to such cases it has often been said in the authorities that a man's skills and abilities are a part of himself and that he cannot ordinarily be precluded from making use of them by a contract in restraint of trade. The impact of that observation in the circumstances of the present case is not detracted from, I consider, by the fact that the Chilwans and Basson had equal bargaining power, nor by the fact that Basson's position in the venture was that of an equal partner, and not an employee.

In his judgment VAN HEERDEN JA poses the

hypothetical example of three attorneys forming a company and investing money in it in order to carry on practice in the town of Z. He considers that a restraint against competition would be reasonable and
enforceable. I beg to differ, in view of what has been said above. But in any event the facts in the example differ in one crucially important respect from the facts in the present case. The difference relates to the area of the restraint, and it is a difference which serves to focus the attention on what I consider to be the single most important, and indeed decisive, feature pointing to the unreason-ableness of the restraint in the present case. In the example, the restraint applies to the town of Z; in the present case, it applies to the whole of Southern Africa. The attorney is still free to practise his profession in the next town; Basson is not to be allowed to carry on his trade

anywhere in

the country of his birth, or even close to it. I am not aware that a restraint so oppressive in scope has ever been countenanced in our courts. It is said by VAN HEERDEN JA that Basson does not allege that he will be unable to find employment outside the bus-body construction industry or that he will suffer substantial financial loss if he is compelled to take up a different kind of employment; and by EKSTEEN JA that the restraint will not prevent Basson from exercising his skills in other spheres of the construction industry. Personally, I find these observations inappropriate. On the evidence it is plain that Basson is an expert in the building of bus-bodies and a master of that trade, to which he has devoted substantially the most of his working life. By way of contrast, it appears that the Chilwans have obtained the services of someone else to replace Basson and it has not been suggested that they

experienced any real problems in doing so. They are simply bent on putting Basson's superior skills out of action. Basson cannot be faulted for not having proposed a lesser area of restraint as being reasonable . The case sought to be made against him was that the respondents required the restraint to be enforced in its entirety. In respect of the area of it, it was alleged inter alia that there are only five or six bus-body construction concerns in the Republic. In meeting that case, Basson said, at the outset of his affidavit, with reference to the effect of the restraint,

> "dat ek daardeur verhoed word dat ek my algemene kennis en vaardigheid en ondervinding in die busboubedryf tot my eie voordeel kan gebruik en my bestaan maak in die ambag waarin ek reeds ongeveer 30 jaar werk",

and on this basis he contended that, having regard to all the circumstances set out in the rest of his

affidavit, it would be unreasonable and contrary to public policy to enforce the restraint. I agree with

his contention, and I concur in the order made by NIENABER JA.

A S BOTHA JA

MILNE JA CONCURS